

20 Oktober - SONDE

Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:28 – 3:10

Fokusgedeelte: 1 Johannes 3:9

Johannes het sy brief aan die gelowiges geskrywe sodat hulle blydschap volkome kan wees in die Here Jesus Christus (1 Joh 1:4). In die gelese gedeelte deel Johannes die mense in twee groepe op: dié wat kinders van God is en dié wat kinders van die duiwel is (vgl. 1 Joh 3:10). Die kontras tussen hierdie twee groepe is baie groot.

Reeds in 1 Johannes 2:10 en 11 word die lyne tussen die twee groepe getrek. *“Wie sy broer liefhet, bly in die lig, en daar is niks wat hom laat struikel nie. Maar wie sy broer haat, is in die duisternis en lewe in die duisternis ...”* (1 Joh 2:10).

In die daaropvolgende verse word verder oor hierdie liefde uitgebrei. Die kinders van God moet hulle broeders en susters in Christus liefhê. Daarom skryf Johannes dat ware Christene nie moet sondig deur hulle medegelowiges nie lief te hê nie.

Die sonde wat Johannes in die fokusgedeelte in gedagte het, is nie al die oortredings van gelowiges teen die wette van Moses nie. Daarvan het Johannes reeds vroeër in sy brief vir die gelowiges gesê dat hulle nie mag beweer dat hulle nie sonde het nie (1 Joh 1:8). Nou sê hy dat die kind van God nie meer sonde doen nie. En dan bedoel hy sonde deur die nuwe gebod te oortree: om mekaar nie lief te hê nie.

Liefde vir mekaar is ook volgens die Evangelie van Johannes (13:34-35) die eienskap van 'n ware dissipel van Jesus Christus. Vir iemand wat weet hoe lief Jesus Christus ons as gelowiges gehad het, is dit onmoontlik om nie ook in liefde te reageer teenoor sy medegelowige nie. Die Heilige Gees is immers in sy hart, en hy is uit God gebore!

Onthou om die liefde van Christus ook in jou lewe vandag te weerspieël deur ander gelowiges lief te hê, en nie daarin te sondig nie!

Sing: Skrifberyming 9-3:1

Dr J Lion-Cachet (Klerksdorp)